Jaargang 54 Nr. 3

ISSN 1029-8754
DESEMBER 2006

ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Eenheid sonder aftakeling

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- **Christelike opvoeding**
- **Christelike Onderwys en**
- **Christelike Wetenskap**

"Die hele Skrif is deur God ingegee en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwalinge te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk" (2 Tim 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

"Die vrees van die Here is die beginsel van die Kennis". . . (Spreuke 1:7).

"Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels . . . en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het" (Matteus 28:18-20).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike Opvoeding, Onderwys en Wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk - vgl Hand 1:8 ■

SKRIFLIG

Ds. C. Bester

(Skrifverwysings uit die 1983-Bybelvertaling.)

1 Johannes 2: 22, 23:

"Wie is die leuenaar anders as hy wat nie wil erken dat Jesus werklik die Christus is nie? Hy is die antichris, hy wat nie die Vader en die Seun wil erken nie. Wie nie die Seun erken nie, verwerp ook die Vader; wie die Seun erken, erken ook die Vader."

1 Johannes 4:14:

"En ons het gesien en is getuie daarvan dat die Vader die Seun as Redder van die wêreld gestuur het."

Elke verlore sondaar kom met sy hele wese in opstand teen die wekroep tot bekering. Hy kan geen nodigheid sien om VERLOS te word nie, omdat hy homself in geen opsig beskou as 'n verlore of geboeide wese nie. So verkondig die tydsgees van ons dae dan ook die mens se "vryheid" – 'n volwasse mens wat alles kan en mag wat hy of sy wil doen.

Mense met so 'n siening het natuurlik GEEN GRONDE om deel te hê aan enige Kersfeesviering of Kersfeesvreugde nie, omdat kersdag die feit van Christus Jesus se menswording herdenk. Die Bybel is ondubbelsinnig duidelik oor die DOEL van hierdie unieke menswording van die Seun van God: kyk maar byvoorbeeld na die getuienis van Johannes daaromtrent soos aangehaal hierbo uit 1 Joh. 4:14.

God oordeel dat die Skepping gered móét word, omdat dit saam met die mens verval het uit die volmaakte skeppingsorde van God. (Rom. 8:21) Die mens, die kroon van God se skepping, het hom deur sy moedswillige ongehoorsaamheid aan die wil van

Vervolg op bl 2

IN HIERDIE UITGAWE

- DIE LIG IN DIE TONNEL 2-3
- EENHEID VAN DIE GELOWIGES 3-6
- NUWE VCHO TUISTE 7-8
- VERJONGING 9
- SKAKELING MET DIE KERK 10-11

Vervolg van bl 1

God (deur sy eie wil belangriker te ag as God se wil), só verstrengel in sy private rebellie teen God dat daar geen sprake meer is van enige vermoë om homself te rehabiliteer nie. God sê: die mens is verlore .. VERLORE!

In Johannes 3:16 laat Hy vir ons opteken dat God se Vaderliefde nie Sy uitverkore kinders sal prysgee nie – NOOIT! Hy stuur eerder Sy Seun om hulle straf volledig te gaan dra!

Dit is die boodskap van Kersfees. Jesus hét gekom om Sy volk van hulle sonde te kom verlos (Matt. 1:21). Elke mens wat hierdie feit aanvaar ontvang van God self volmag om hom/haar 'n kind van God te noem (Joh. 1:12).

Vir sulke mense is die Persoon van Jesus Christus (of God, die Vader, of God, die Heilige Gees) nooit debatteerbaar nie. Die Bybelgetuienis is genoegsaam.

Maar weet, ook juis in ons tyd, dat elkeen wat die Bybelgetuienis probeer aanpas, relativeer of verdun, besig is met die oersonde: om sy eie wil bo die wil van God te verhef. So 'n mens kies sy kant saam met die antichris – TÉÉN CHRISTUS.

Mag u, en al u dierbares, 'n geseënde Christusfees beleef het, deur u hartgrondige oorgawe en toewyding in gehoorsaamheid aan die wil van God.

2007: die lig in die tonnel – is dit die nuwe dag, of 'n naderende verpletterende trein?

2006 – Jaar van vreugde?

Alle mense is nie eenstemmig nie. Inteendeel, ervaring leer ons dat elke mens eintlik sy eie oordeel oor elke gebeurtenis daarop nahou.

Seer sekerlik sal daar mense wees wat alles wat in 2006 gebeur het in die swartste kleure sal wil teken. Die feite dwing ons om ernstig na te dink, ook oor al die dinge waarby onsself betrokke was. Dan besef ons dat sake baiekeer 'n verkeerde wending geneem het, omdat ons nie uitgespring het om te help toe ons dit moes doen nie.

Mense is meestal uitstekende verskoning-vervaardigers. 'n Verskoning is ongelukkig nie altyd ten volle waar nie. Dikwels is dit 'n blatante ontduiking van verantwoordelikheid! As elke Christen moue opgerol het en entoesiasties betrokke geraak het toe die uitdaging hom voorgedoen het – sou die wêreld dan nie in 2006 'n veel beter plek gewees/geword het nie?

Tog het daar in ons familiekringe dinge gebeur wat ons baie dankbaar gestem het. Die hand van die Here het ons bewaar en geseën en gedra. Ja, op die balansstaat het ons winste nog steeds ons verliese geklop – ALLES in ag genome.

Dit is natuurlik 'n ope vraag of ons elke keer ons seëninge raaksien en dit erken met dankbare harte teenoor God. Hy sorg steeds getrou vir ons in ons DAAGLIKSE behoeftes.

Laat ons as familiekringe dan hier waar ons aan die einde van nog 'n jaar gekom het inventaris neem van al daardie beskikkinge van die Here waarvoor ons Hom nog dank verskuldig is – en laat ons dan ons rekening aan Hom vereffen voordat die geleentheid daartoe verby is.

2007 – Jaar van hoop?

Het u enige planne vir die nuwe jaar? Ons weet mos een ding vas en seker: daar is niks wat "SEKER" is op hierdie aarde nie. Maar nou is ons darem mos ook nie varke wat heeldag met die snoet in die voertrog staan nie. Nee, ons horisonne lê oneindig verder en hoër as dié van 'n spekvark! Ons is bevoorreg om God se merke te sien oral in ons leefwêreld. Ons weet: Hy is dáár. Hy lééf! Die beste van alles is dat Hy onophoudelik Sy kinders koester in die weelde van Sy liefde!

Vervolg op bl 3

Vervolg van bl 2

Hierdie sekerheid laat ons saam met Habakuk huppel in sy gelowige gebed (Habakuk 3:17 – 19). Ons weet vas en seker dat vir elke omstandigheid wat ons kan beskrywe met 'n "al sou", daar elke keer die troos en bemoediging van die Here kom met Sy: "nogtans".

So kry Petrus nuwe moed om op die stormsee te loop, so kry Daniël die geloofskrag om in die leeukuil in te stap, en sy drie vriende beleef God se teenwoordigheid en uitredding in die vurige oond! Die skrywer van Hebreërs 11 kan nie uitgepraat raak oor al die voorbeelde van God se trou in Sy kinders se lewens nie!

Laat ons in 2007 vir mekaar bid!

Laat ons mekaar inspireer deur ons voorbeeld om 'n lewe te leef wat 'n danklied en 'n lofoffer aan God is (Rom. 12:1, 2). So sal ons medewerkers bly aan die koms van God se koninkryk – in ons eie huis, in ons gemeente, in ons gemeenskap, in ons land. Ja, dit sal uitkring tot 'n wêreldwye dankerkenning teenoor God.

Gaan u daarvan deel wees? Kies so. Besluit so! Om swartgallig te wees en in die proses sommer ook God se goedheid en sorg te ontken/misken, stort nie net vir u in 'n bodemlose put van depressie nie – nee, u word die slegte appel wat mettertyd al die ander appels rondom u aansteek om te verrot in ondankbare miskenning van u God se sorg oor elke mens, dier – ja, selfs elke wurmpie, mossie en haar op u hoof!

Voor u neersit, dink en dink weer hieroor...

Met seënwense vir 2007 van huis tot huis.

Eenheid van die gelowiges – Onverbreekbare deelgenootskap: gesin/skool/kerk

- HJ Hayes

Die gelowiges 'n eenheid

In die Skrifgedeelte in Efesiërs 2 en 4 (1ste perikoop), word die grond van die eenheid van die gelowiges verklaar, waaruit dit duidelik word dat hulle nie maar individueel-losstaande van mekaar beskou word nie. Daar is 'n eenheidsband waardeur hulle saamgebind word, op so 'n wyse dat hulle individualiteit nie daarmee opgehef word nie. Dit blyk 'n universele eenheid te wees wat gelowiges oor alle eeue heen tot 'n eenheid saambind.

Die eenheid is nie soseer die feit dat hulle gelowig is nie, maar wel dat hulle geloof in die enige God gevestig is. Vers 13 van hfst. 4 word hier aangehaal, omdat dit belangrike implikasies inhou vir wat verderaan beredeneer wil word:

"totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus."

In wat volg word 'n poging aangewend om die eenheid van Efesiërs 4 op die onderwyssituasie van toepassing te maak, omdat geoordeel word dat konsekwente Christelike onderwys noodwendig hierdie eenheid in Jesus Christus behoort te vertoon. (Die standpunte van ouers, onderwysers en kerkliede oor hierdie eenheidskonsep sal graag verneem wil word.) Dit word aangevoer dat die instellings van die gesin, kerk en skool/universiteit, ten aansien van hulle onderskeie verantwoordelikhede, almal daartoe meewerk dat die gelowige mens wat die Woord van God hier en ook in 2 Timoteus 3:17 verbeeld, aan hierdie volwassenheidseienskap voldoen.

Daar word ten volle daarmee rekening gehou dat die gemelde instellings differensieer na gelang van hulle besondere geroepenheid. Die argument word gevoer dat, terwyl die instellings met 'n opvoedings-/onderwystaak besig is wat daarop gerig is om tot volwassenheid op te voed, daar 'n gemeenskaplikheid van doelstelling behoort te wees, waarin die drie mekaar sal moet ontmoet, ter wille van die gestelde eenheidskonsep. Indien dit nie gebeur nie, sal die samelewing deurentyd 'n verskeurdheid beleef wat die gemeenskap van die gelowiges van sy krag en invloed ontneem, en sodoende sy getuienis verydel. Die Christelike onderwysmodel bied hierin die enigste oplossing, omdat dit harmonie en herstel in menselewens tot gevolg het.

Hieruit voortspruitend word vervolgens 'n skema van deelgenootskap voorgehou.

Hoe lyk die deelgenootskap tussen die gesin, die skool en die kerk in die opvoeding/ onderwys?

Die skematiese voorstelling (met al sy gebreke) is 'n poging om die deelgenootskap tussen die opvoedings- en onderwysinstellings te probeer aantoon, ten einde die geestelike liggaam tot 'n eenheid saam te snoer. Daar sou ook ander voorstellings van die deelgenootskap kon wees, maar sonder die Bybelse konstruksie van "in Jesus Christus tot volwassenheid", het dit weinig waarde.

Vervolg op bl 4

Vervolg van bl 3

(EOT = eie onderskeidende terrein)

Onderskeidende lewenstake dra elk op 'n besondere wyse tot die eenheid by, op voorwaarde dat Christus as Hoof erken word.



In die gemeenskaplike gerigtheid op die doelwit behou gesin, skool en kerk eie identiteite en word nie van hul selfstandigheid beroof nie.

(Die teksverwysings in die gedeeltes wat volg is uit die 1933/53-Bybelvertaling.)

2 Timoteus 3: 15 - 17:

"en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus.

Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,

sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."

Die (jong)mens wat ter wille van God grootgemaak/ opgevoed word, sal volgens hierdie Skrifgedeelte, iemand sal wees wat oor wysheid beskik en toegerus wees om aan die lewenseise te voldoen.

Verantwoordelikheidsdimensies

Gesin

Die gereformeerde standpunt wil dit dat die verbondshuis die verpligting sal neem, waardeur die doopgelofte, om "… in dié leer te onderrig en te laat onderrig …" nagekom sal word, of dit nou in tuisopvoeding, of in formele onderwys reeds buite die ouerhuis plaasvind. Die 'leer' hou verband met die betekenis, inhoud en implikasies van die verbond, wat aan die verstand en aan die hart gebring behoort word. Hieruit volg dit dat basiese kennis van die geopenbaarde waarhede van die Woord by die jongeling tuisgebring word, sodat hy/sy reeds van kleinsaf geleer word van God-Drieënig en sy verbond van genade met die in-sonde-gevalle mens, wat 'n herstelde verhouding tot gevolg het, waaruit 'n ware geloof sal groei, en 'n lewenshouding van toewyding en gehoorsaamheid aan God en sy gebod meebring. Daardeur word die Christelike fondament vir die lewe van die opgroeiende jongmens gelê.

Skool

Terwyl, in die verbondshuis, aan die basiese opvoeding van die ontluikende persoon gewerk word (waar dit primêr oor godsdienstige en morele opvoeding gaan), is die skool toegerus om die gespesialiseerde kennisoordrag te doen, met die oog op die ontsluiting van die werklikheid. Dit sal moet behels dat op die fondament wat in die ouerhuis gelê is, voortgebou word, sodat die eenheidsbeeld wat deur die vorming van 'n lewens- en wêreldoortuiging gevorm word behoue sal bly (rekening word daarmee gehou dat die gespesialiseerde kennisoordrag óók deur die verbondsouer behartig sou kon word d.m.v. tuisonderwys.) Volgens die vroeër-ingenome standpunt dat die verbondshuis die verantwoordelikheid het om te onderrig en te laat onderrig, beteken dit dus dat die verbondsouer die onontkombare plig het om toe te sien dat in alles wat in die skoolprogram gebeur, die Skrifgesag steeds verreken sal word. Dit sou dus as onafgebroke verbondsopvoeding en -onderwys by die huis en by die skool bestempel kon word. Die primêre roeping van die skool, naamlik formele onderwys, is daarom kennisoordrag en ontsluiting in ooreenstemming met die eise van die Skrif. Die voorwaarde hiervoor is dat vakinhoude en -onderrig/-onderwys op 'n Christelike grondslag geskoei sal moet wees; dus Skrifgefundeerd.

Wat die skool betref, behoort die eis dus te wees: verchristeliking van die onderrig en vakinhoude om aan die skooltipiese roeping uitvoering te gee. Die Woord van God behoort daarom óók in die onderwys sentraal te staan, onderwyl daar in die Christelike skool steeds voortgebou word op

Vervolg op bl 5

Vervolg van bl 4

die fondament wat in die verbondshuis gelê is/word.

Kerk

Die kerke van gereformeerde belydenis het insgelyks 'n belang daarby en 'n verantwoordelikheid daartoe dat Christelike opvoeding en onderwys in die samelewing teregkom, sodat die eenheid van die Christelike leer en geloof gestand gedoen word. Dit is een en dieselfde burger van die Koninkryk wat Sondag in die erediens plaasneem met 'n bepaalde belydenis oor God-Drieënig, wat gedurende die week as geroepene in die skepping die beginsels van die Woord moet laat geld. Indien dit nie gebeur nie het die kerk gedurende die week niks om aan die wêreld te getuig nie, terwyl dit tog baie duidelik is dat die kerk die opdrag ontvang het om evangeliserend in die wêreld besig te wees, tydig en ontydig. Dit sal egter nie daarop neerkom dat die kerk gedurende die week op die gesin of die skool geïmpregneer word nie, aangesien dit verkerkliking van laasgenoemde instellings tot gevolg kan hê, terwyl die bedoeling juis is dat selfstandigheid behou word.

Dit beteken dus nie dat die kerk in die uitoefening van haar verantwoordelikheid die lewenstaak van die gesin of die skool oorneem nie (behalwe in uitsonderlike omstandighede totdat sake genormaliseer het), maar wel dat sy daarop ingestel sal wees om haar profetiese roeping in hierdie opsig te vervul en haar invloed te laat geld, ter bevordering van Christelike opvoeding en onderwys.

Wát gebeur, indien dit nie alles so verloop nie?

Dit het ongetwyfeld gevolge vir die samelewing indien dit in die opvoeding en onderwys nie na die ideaal verloop nie. Een daarvan kan wees dat die volkome (volwasse) mens in die een of ander opsig gebrek gaan aan toegerustheid vir die lewenseise. In 'n insiggewende D-verhandeling deur dr JP Bezuidenhout getiteld: "Volwassewording as problematiek in pastorale konteks", dui die navorsing onder meer daarop dat, terwyl volwassenheid al die vermoëns by die mens betrek, dit somtyds so is dat daar nie 'n positiewe korrelasie tussen, byvoorbeeld, psigologiese en geestelike volwassenheid bestaan nie, weens verskeie redes. Hoewel dit allermins sou beteken dat daar nie aan 'n roeping uitvoering gegee kan word nie, kan dit nogtans konflik en spanning tot gevolg hê.

Daar is egter ander gevolge waarvan daar beslis melding gemaak moet word, aangesien, desondanks die verklaarde eenstemmigheid wat daar tussen die deelgenote oor die opkweking van die Bybelse volwasse man/vrou bestaan, die praktykervaring reeds sekere tendense uitgewys het. Daar word maar na een hiervan verwys, ter illustrasie. Indien, byvoorbeeld, die skool/universiteit in die uitvoering van sy dagprogram nie by hierdie soort onderwys/wetenskap in sy wydste betekenis uitkom nie, kan dit 'n kandidaat kweek/oplei wat God-Drieënig in die wêreld van kennis verloën, wat andersins 'n belydende lidmaat van die kerk is. Dit word ondermeer dáárdeur verklaar – hoe teenstrydig ookal – dat 'n lidmaat van die Christelike kerk van Maandag tot Saterdag die evolusionisme* (wat 'n ontkenning van God impliseer) sou verkondig, maar Sondag die *Twaalf Artikels* bely, wat ernstige gevolge vir die eenheid in Christus inhou.

Wanneer ons egter bely dat Jesus Christus die Middelaar van die geskape werklikheid is, is die wêreld van kennis onlosmaaklik deel daarvan, en gaan dit nie nét oor die redding van die mens nie – ja, wat 'n genade, óók oor sy redding – maar dan om veel meer as dit. Indien dit – naamlik dat die God-Drieënig die Heerser oor sy skepping is, met inbegrip van die wêreld van kennis – nie aanvaar word nie, beland ons in die onhoudbaarheid dat ons enersyds bely (soos wat ons inderdaad deur gemelde belydenis te kenne gee) dat God die Vader self die mens geformeer het, maar andersyds, sê maar in die wetenskaplike bestudering van die mens as studie-objek (antropologie), hierdie piëtistiese verklaring vir die ontstaan van die mens ter syde stel vir 'n ander, onbybelse, evolusionistiese verklaring. In die heilige Skrif word so 'n ingesteldheid van "hink op twee gedagtes" ondubbelsinnig afgewys:

1 Konings 18:21– "En Elia het nader gekom na die hele volk en gesê: Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As die Here God is volg hom na; en as dit Baäl is, volg hom na! Maar die volk het hom niks geantwoord nie."

Oor die eenheid in Christus is die Skrif onteenseglik duidelik:

Die troosvolle boodskap van die Skrif is dat ons binne die gemeenskap van die gelowiges tot 'n eenheid saamgesnoer word, wat natuurlik nie beteken dat aardse hoedanighede en verbande nou opgehef word nie (die skool word bv. nie die kerk nie).

Vervolg op bl 6

* Met evolusionisme word hier bedoel: die denkrigting, waarvolgens die spontane enkelsellige ontstaan van lewe, wat in die duur van verlengde tydskonstruksies na gekompliseerde meersellige vorme van lewe ontwikkel, waaruit ondermeer die mens oor tydsverloop heen sou voortgekom het, gehuldig word.

Vervolg van bl 5

Kolossense 1: 16: “want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemel en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, …”

1 Timoteus 2: 5 – “Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, …”

Om nou na die derdelaaste paragraaf terug te keer. Daarin is gestel dat dit in die opvoeding/ onderwys om meer as slegs die redding van die mens gaan. Inderdaad is dit so dat met die feit van ons redding en saligheid in Jesus Christus rekening gehou moet word. Indien nie, kan ons hoegenaamd nie Christelike onderwys propageer nie. In die Christelike beskouing word daar egter noodwendig voortgebou op die vaste anker van ons verlossing en geloof, en het dit implikasies vir die soort onderwys wat ons voorstaan. Die Skrif is hieroor ook baie duidelik dat daar nie by die begin, naamlik ons bekering uit die dooie werke, stilgestaan moet word nie, maar daar moet voortgesette groei/ heiligmaking wees. Baiekeer word hierdie groei net met ons kerklike belewing vereenselwig, d.w.s. die geestelike komponent, terwyl dit krities belangrik is dat, ook wat bv. die analitiese komponent betref – dit waarmee o.m. die formele onderwys te doen het – nie daarvan uitgesluit kan word nie. Indien die analitiese ontsluiting in die ontwikkeling van ’n mens tot volwassenheid buite rekening gelaat word, bestaan die wesenlike gevaar dit ’n tweeslagtige werklikheidsoortuiging tot gevolg hê. Dan het ons met ’n dualistiese lewensuitkyk te doen, waarin enersyds aan God-Drieënig probeer vashou word, maar andersins ’n lewe van verwêreldliking (die wêreld van kennis sonder God) gelei word, wat op ’n verloëning neerkom. Volgens die Bybel (Matteus 6:24; Lukas 16:13) is so ’n gelyktydige dien van twee here nie moontlik nie.

In die Christelike belydenis is daar egter steeds die boodskap van ’n terugkeer tot die eenheidslewe in Jesus Christus, of dit nou oor die gebroke volwassenheid of die ontkenning wat ’n tweeslagtige lewensoortuiging inhou, handel. Christelike opvoeding en onderwys bied hierin die sleutel tot ’n ware en ongetwyfelde herstel van die eenheidskarakter in Hom. Daarom sal die VCHO in 2007 hom voortgaande vir laasgenoemde beywer.

Verskuiwing

Ons lede moet asb. daarvan kennis neem dat daar begin Februarie na ’n nuwe adres verhuis word. Dit sal ontwrigting tot gevolg hê, veral gedurende die eerste week, maar wat hopelik tot die minimum beperk sal kan word.

Dit kan moontlik gebeur dat daar nie deurentyd iemand by die ou adres sal wees om besoekers te ontvang of die telefoon te beantwoord nie. Hou dan in gedagte dat die verhuising aan die gang is. Teen die middel van Februarie behoort sake egter weer redelik na normaal terug te keer.

Besonderhede van ons nuwe adres verskyn op bl. 8.

U sal ons ook tydens die verhuising op een van die volgende selnrs kan skakel:

mev. Joubert - 082 729 2392;
mnr Hayes - 076 817 6269.

Ons maak by voorbaat verskoning vir enige ongerief.

Red.

80 Jaar ‘jonk’



Een van ons hoofbestuurslede, prof. Pieter Stoker van Potchefstroom, het op 3 November 2006 tagtig jaar ‘jonk’ geword. Ons is die Here dankbaar dat hy met gesondheid en liggaamskragte geseën is.

Kongres in 2007 – belangrike datums om te registreer

Ons volgende kongres is geskeduleer om in die tweede semester van 2007 plaas te vind, en volgens besluit van die hoofbestuur is die datum 18 of 25 Augustus. Die datum word nou reeds bekendgemaak, ter wille van u beplanning vir 2007, sodat dit betyds aangeteken kan word. Nadere besonderhede oor die lokaliteit, tema, ens. sal in ’n volgende uitgawe verskyn.

Die hoofbestuur het reeds oorweging aan ’n volgende tema gegee, en is van oordeel dat daar prinsipieel oor Christelike onderwys besin moet word, met die oog op die volgende kongres. Dit behoort ’n baie interessante bespreking op te lewer wat tegelykertyd rigtinggewend behoort te wees, maar daar is nog baie werk wat gedoen moet word, alvorens daaraan struktuur gegee kan word. Dit is aan die dagbestuur opgedra om die besonderhede uit te werk. Intussen is ons lede baie welkom om enige idees/ voorstelle hieroor op skrif na die kantoor deur te gee, vir oorweging deur die dagbestuur.

Red.

Nuwe tuiste vir VCHO

Die VCHO se eiendomsportefeulje het die afgelope tyd onder bespreking gekom, mede as gevolg van faktore soos (i) nuwe akkommodasiebehoeftes, (ii) finansiële oorwegings en (iii) omgewingsdinamika – eiendomsontwikkeling in die onmiddelike omgewing. Die behoefte aan groter ruimte om ondermeer ons boekeprojek, waarmee 'n aantal jare gelede begin is, tot afhandeling te bring en 'n geskikte leeskamer vir navorsing in te rig, die behoefte aan nuwe batefondsinvestering gepaard met groei- en inkomsteversterking, en die sloping van ouer geboue-strukture ten gunste van nuwere ontwikkeling in die buurt, dui op die beskikbaarmaking van alternatiewe akkommodasie.

Na 'n ondersoekfase gedurende 2005, het die verwerkliking van voorgestelde opsies in die loop van 2006 momentum begin kry. Tydens die hoofbestuur se vergadering in Maart 2006 te Pretoria, is die wenslikheid dat nuwe eiendom vir die Vereniging bekom word, in diepte bespreek. Die bestaande eiendom te Barnesstraat 41, Westdene, wat sedert die vorige eeu bewoon word het weens veroudering, 'n stadium bereik waar dit ekonomies nie meer lonend in stand gehou kan word nie. Tydens die verkryging daarvan was dit 'n uiters geskikte eiendom vir daardie tyd. Dié gebou, waarin die kantoorpersoneel en -toerusting gehuisves word, is gedurende die eerste helfte van die vorige eeu nog uit modder-steen opgerig, en ruim meer as vyftig jaar oud, maak dit dit toenemend duurder om in stand te hou. Hierdie eiendom is in 1976 aangekoop en het die afgelope dertig jaar aan ons 'n tuiste gebied waaraan 'n mens bewustelik geheg geraak het, soos aan 'n eie woning. Met verloop van tyd, soos wat omstandighede egter verander, moet opnuut ondersoek ingestel word na die benutbaarheid daarvan, beide uit 'n finansiële en ruimtelike oogpunt.

Die hoofbestuur het gevolglik, na deeglike oorweging, besluit dat indien 'n gunstige aanbod vir die tersaaklike eiendom ontvang word, met die verkoop daarvan gehandel moet word. Magtiging om die afverkoop te hanteer is aan die dagbestuur verleen.

Gedurende April 2006 is 'n baie gunstige aanbod vir die eiendom te Barnesstraat 41 ontvang, waarna met die soektog na nuwe eiendom begin is. Verskeie eiendomme is daarna oor 'n tydperk van etlike maande besigtig, ten einde daardie een te vind wat die beste aan die behoeftestelling beantwoord. 'n Geskikte eiendom is gedurende September 2006 identifiseer, en tydens sy vergadering vroeg in Oktober 2006 het die dagbestuur die verkoop van Barnesstraat 41 onderhewig gestel aan die koop van die geïdentifiseerde eiendom te Van Schalkwykstraat 21, Universitas. Die dagbestuur se aanbeveling om die eiendom te koop is tydens sy vergadering van 6 November 2006 deur die hoofbestuur bekragtig, waarna die formaliteite betreffende die oordragte in proses gekom het.

Indien alles verder volgens plan verloop, word die nuwe eiendom aan die begin van Februarie 2007, of so spoedig moontlik daarna betrek. Lede en besoekers aan die kantoor word gevra om vanaf die tweede helfte van Januarie 2007 nie meer posstukke na die ou straatadres te versend nie. Die Vereniging se posbusadres (Posbus 1824, Bloemfontein, 9300) word egter behou, terwyl die nuwe straatadres na verwagting met ingang van 1 Februarie van die nuwe jaar in gebruik sal wees. Ons lede word nietemin gevra om ter wille van sekerheid m.i.v. Januarie 2007 posstukke vireers slegs na die bestaande posbusadres te versend, totdat die straatadres in werking tree soos per kennisgewing. Die telefoon- en faksnommers sal noodwendig verander, maar intussen (vir ten minste die duur van Januarie 2007) sal ons nog by die bestaandes geskakel kan word.

Soos in die verlede is ons lede en belangstellendes hartlik welkom om ons vanaf Februarie in die nuwe jaar by ons nuwe adres te besoek waar ons u graag wil ontvang.

Ons is die Here dankbaar vir sy voorsienigheid, wat ons in 'n posisie gestel het om nuwe geskikte eiendom te kon bekom. Dit gebeur in 'n stadium dat dit werklik nodig geword het om die verskuiwing te maak, ten spyte van die sentiment wat met die jarelange assosiasie met hierdie adres (Barnesstraat) ontstaan het, en die afstanddoening daarvan soveel moeiliker maak. Daar is nietemin besliste voordele aan die nuwe ligging, wat hierteen opgeweeg moet word, waarvan o.m. die maklike bereikbaarheid net af van die N1-westelike verbyroete te Bloemfontein (kyk die Sketsplan), en die ander soos vermeld.

Red.

Kyk ook sketsplan op bl 8

Barnesstraat 41, Westdene, wat gedurende Januarie 2007 ontruim word.

Van Schalkwykstraat 21, Universitas, wat as nuwe eiendom betrek word.

Telefoonnommers verander

Ons lede se aandag word daarop gevestig dat die VCHO se telefoonnommers begin Februarie verander, a.g.v. die verhuising na die nuwe adres, wanneer een van die volgende nommers geskakel moet word: 051-525 2267 of 525 2341.

Roeteaanduiding van hoe die VCHO se nuwe kantoor te Bloemfontein m.i.v. Februarie 2007 bereik sal kan word:

SKETSPLAN

Nuwe adres van die VCHO m.i.v. 1 Februarie 2007



Verjonging?

Ledeprofiel

Ons Vereniging se ledesamestelling vertoon tans die interessante profiel, wat in baie opsigte met die kategorieë wat baiekeer in 'n onderneming wat reeds jarelank bestaan, ooreenstem. Hierdie ledeprofiel kan in breë trekke soos volg identifiseer word, bloot op gesprekke met lede geoordeel: Daar is die kategorie lede wat oor jare heen hul verbintenis met die VCHO al sterker laat groei het, en hulle met die Vereniging se gevestigde wyse van doen vereenselwig het. Hulle verteenwoordig ongeveer 15% van die ledesamestelling. Daar is 'n volgende kategorie lede wat in 'n latere fase van die 2de helfte van die vorige eeu aangesluit het, op wie daar baie sterk gesteun word in die versigtige vorentoebeweeg die toekoms in. Hierdie groep kan vergelyk word met dié wat uitbreiding van die onderneming voorstaan en verwag dat nuwe geleenthede ondersoek word om verdere beslag aan die missie te gee, sonder dat die grondbeginsels prysgegee word. Hierdie groep verteenwoordig ongeveer 80% van die ledesamestelling. Die volgende kategorie lede is dié wat verandering voorstaan, maar wat nie noodwendig van die Christelike fundering afstand wil doen nie. Hierdie groep sou vernuwing wil sien, al sou dit beteken dat sekere aanpassings gedoen word, sonder prysgawe? Ongeveer 5% lede behoort tot hierdie groep.

Lewenslange lede

Die afgelope meer as vyftig jaar is ons Vereniging deur getroue en lojale lede gedra onder die beskikkende hand van die Here. Ons wil 'n keer weer ons dankbaarheid teenoor lede betuig wat hulle steun ononderbroke aan die Vereniging gegee het. So was, as gevolg van jarelange getrouheid aan die ideaal van Christelike onderwys deur hulle volgehoue ondersteuning van ons Vereniging en sy werksaamhede, aan die begin van die 90'er jare van die vorige dekade, aan verskeie lede lewenslange status verleen. Ons verneem deurentyds nog van sodanige lede by wyse van skrywes van belangstelling aan die kantoor, en neem met waardering kennis van hulle gesindheid.

Tans aktiewe lede

Hierbenewens is daar 'n volgende kategorie lede wat steeds aktief betrokke is, en hulle daadwerklike steun verleen. Dit is hulle wat gedurende die tweede fase van die Vereniging se net meer as 50-jarige bestaan aangesluit het. Vir die voortgang van die Vereniging se werk op die onderwysterrein is ons tans baie sterk op hierdie groep aangewese. Ons verneem gereeld van hierdie lede, by wyse van skrywes oor verskeie sake, soos o.m. dat die kantoorpersoneel gewoonlik aangespoor en bemoedig word. Soms word kritiek uitgespreek, maar altyd so dat dit opbouend is, en koersaanduidende raad en wenke gegee, wat baie welkom is. Aan hierdie lede wil ons eweneens dank betuig vir hulle getroue meelewing en ondersteuning op meer as een front. Dit is hierdie kategorie lede wat die Vereniging deur moeilike stadiums help dra het, gedurende die tye waarin daar deur die stroomversnellings gegaan word.

Lede-in-wording

Ons wil graag ook 'n derde kategorie lede hier te berde bring, naamlik daardie groep wat nog met studie besig is, of wat maar onlangs begin werk het, kortom die jongmense wat tans in 'n besondere tyd van ons geskiedenis grootword en wat die werk van die Vereniging oor 'n dekade of twee moet oorneem en voortsit. Vir ons is dit belangrik dat daar in die tyd wat kom met hierdie groep kontak gemaak word, sodat ons hulle ook in ons geledere kan opneem en so die wat hulle vir Christelike onderwys beywer kan versterk. Hierdie jaar wil ons 'n besondere poging aanwend om met ons jongmense te skakel, sodat die Vereniging 'n broodnodige verjonging kan ondergaan en sodoende met nuwe lewenskrag hiervandaan sal voortgaan. Graag word op ons jongmense 'n beroep gedoen om hulle op hierdie wyse vir die bevordering van Christelike onderwys beskikbaar te maak in belang van die toekoms van Suid-Afrika. Hier is 'n ideale geleentheid, liewe jongmense, om betrokke te raak by 'n lofwaardige saak in belang van die Christendom van ons land. Kom sluit aan by ons Vereniging en help ons om hierdie belangrike Koninkrykswerk te doen, ter wille van die jeug van ons land. Met sellulêre en internet-elektronika o.a. kan ons veel vermag.

Ons bede is dat in 2007 daar 'n hartgrondige toekeer tot die enige God van ons heil sal wees, sodat Christelike opvoeding en onderwys sal herlewe tot sy eer. Daartoe het ons óók en veral die jongmense nodig.

Red

Skakeling met die Kerk in 2007 onontbeerlik

Begronding van doelstrewe

In die skakeling tussen ons Vereniging en die kerk, word sondermeer van die veronderstelling uitgegaan dat die kerke van gereformeerde belydenis Christelike onderwys as 'n *sine qua non* beskou; dan nie slegs vir die verbondskinders van die Afrikaner nie, maar ook vir dié van andere van dieselfde oortuiging. Hiervandaan uitgaande is en word, met die goedgunstige instemming van betrokke kerkrade, gemeentelike besoeke deur die kantoor onderneem, waartydens met kerkrade en lidmate (verbondsouers) gesprek gevoer word. Christelike opvoeding en onderwys – die primêre beweegrede vir die ont-(be)staan van ons organisasie – is en bly hierin die primêre oorweging. Oor waarskynlik meer as veertig jaar heen het hierdie vir die VCHO uiters belangrike skakeling met gemeentes oor die land heen 'n onberekenbare bydrae gelewer, op grond waarvan steeds met die bevordering hiervan voortgegaan word; nou reeds in die sesde dekade sedert die stigting van ons Vereniging.

In 2007 sal hierdie doelstelling (kyk voorblad) weer met ywer geteiken word, onder die beskikkende hand van die Here, wat dit tot hiertoe vir ons moontlik gemaak het, by wyse van die middele (finansieel en andersins) en die welwillendheid van medestanders, soos die kerke. Dit was trouens vanuit die kerk, by name die Nederduitse Gereformeerde Kerk dat die VCHO in 1948/ '49 sy ontstaan gehad het met dié baie uitdruklike verklaring van voorneme:

Die uiteindelike doel is die daarstelling van 'n inrigting waarheen ons met gerustheid ons seuns en dogters kan stuur, waar hulle opgelei kan word in die diens van ons volk en in die diens van die Here; en *dat ons met niks minder as met christelike universiteite vir alle volksdele tevrede kan wees nie.*

Daar kan dus nie twyfel wees oor wat die stigters van ons organisasie uit kerklike geledere destyds in gedagte gehad het nie: Christelike onderwys ter wille van tweevoudige diensgerigtheid; oftewel 'n Goddelike roepingsbewustheid. Hierdie idee, waarmee ons ons ten volle vereenselwig, het sy ontstaan oorspronklik by die kerk gehad! Wanneer hierdie lofwaardige doelstelling in oënskou geneem word, sou met reg gevra kon of die ideaal, dat verbondskinders Christelike onderwys ontvang, al werklikheid geword het en indien wel, waar, en tot watter mate instellings wat aan hierdie ideaal toegewy is, aan die gees en toon van die oorspronklike bedoeling (van die VCHO-stigting) beantwoord. Dit word beoog om in 'n volgende uitgawe van die blad hierop in te gaan.

Inklusiewe voorwaardelike betrokkenheid van wie en op watter basis?

Aangesien dit so is dat die Christelike lewenswandel, as 'n resultaat van die soort opvoeding en onderwys wat ondermeer deur die Vereniging bevorder wil word, groter is as die organisasie, en derhalwe nie bloot institusioneel as 'n saak van die Vereniging beoordeel mag word nie, is by implikasie nie slegs die VCHO as in diens van die onderwysgemeenskap nie, maar terselfdertyd ook die belanghebbende 'permanente' instellings van die samelewing (kerk; gesin) onlosmaaklik daarby betrokke (kyk skema op bl.4). In hierdie opsig is die kerk, vanweë haar besondere roeping, nie 'n mindere nie, maar 'n uiters belangrike en gerekende deelgenoot, sover dit Christelike onderwys aangaan.

Wanneer oor die gemeenskaplike betrokkenheid van die kerk en 'n organisasie soos die VCHO in belang van Christelike onderwys gedagtes gewissel word, moet dit bo alle twyfel gestel word dat die VCHO hom nie op die spesifieke terrein van die kerk (oftewel die gesin of skool) wil begewe, om as't ware die werk van die kerk en ander instellings te wil oorneem nie. Onderskeie terreinafbakenings wil deurentyds erken en eerbiedig word. Die VCHO sien sy taak dus eerder as dié van 'n diensorganisasie wat op die basis van projekgerigtheid met die genoemde instellings wil saamwerk, ter bevordering van Christelike onderwys.

Terwyl dit so is dat ons Vereniging sy ontstaan uit kerklike geledere gehad het, is ons egter 'n vrye organisasie, in dié opsig dat ons oor 'n eiestandigheid beskik, en dus nie kerklik-verbonde is nie. Die gemeenskaplike faktor is die Christelik-gereformeerde belydenis en lewensoortuiging en die betekenis daarvan vir die opvoeding van verbondskinders, met sy eiesoortige beklemtonings binne elk van die lewensverbande waarna verwys is. Verder is ons Vereniging polities onverbonde, in die sin dat hy nié die agent van een of ander politieke party is nie. Dit wil egter nie sê dat die Vereniging nie 'n Bybel-

Vervolg op bl 11

Vervolg van bl 10

gefundeerde standpunt oor die vereistes vir staatkundige ordening daarop nahou nie. Die staat self word egter nie as een van die gereelde partye tot die opvoeding/onderwys beskou nie, terwyl onmiddelik toegegee word dat die staat 'n belang by die soort onderwys het, en die verantwoordelikheid opgelê is, soos uit Romeine 13 afgelei, om 'n geordende (regtelik-harmonieuse) onderwysomgewing daar te stel. Maar die verbondenheid van die Vereniging is daarin geleë dat hy hom aan die gesag van die Woord onderwerp, en op die onderwysterrein 'n bydrae te lewer het, om daarvolgens God-Drieënig te verheerlik

Verstewiging van verhoudinge: waarom?

In hierdie artikel handel dit in die eerste plek oor die verhouding met die kerke van gereformeerde belydenis, en hoe in 2007 'n hegter binding daaraan gegee behoort te word, ter wille van die opkweking van 'n Christelike geslag. In die trant van die beredenering hieroor gaan dit voor alles nie in die eerste plek oor die VCHO as sodanig nie. Daar is reeds op gewys dat die doelstrewe groter is as die Vereniging. Wanneer goeie skakeling met die kerke beklemtoon word, is veel meer as die VCHO se posisie ter sake. Dan word van die kerke gevra om aan ons gemeenskaplikheid van belydenis en oortuiging voorrang te gee, aangesien hulle, soos ons Vereniging, 'n eweseer onontkombare verantwoordelikheid het tot verchristeliking van die onderwys, na gelang van elkeen se besondere roeping en taak.

Intussen word aanvaar dat die kerke wat in die verlede hierin saamgewerk het, steeds tot Christelike onderwys verbind is. Daarmee wil nie te kenne gegee word dat die kerke noodwendig die nuansering van monoteïstiese Christelik-kultuurgerigte onderwys soos deur die Vereniging gehuldig, sonder voorbehoud moet steun nie. Maar daar behoort immers raakvlakke te wees, waaroor 'n sinvolle gesprek gevoer sal kan word. Verder is dit die standpunt dat, indien daar kerklike nuanseringe bestaan, wat van dié van die Vereniging verskil, dit nie 'n rede mag wees waarom daar nie oor Christelike onderwys as sodanig met mekaar gesprek gevoer moet word nie. Daarvoor is die saak waarvoor ons ons beywer gans te belangrik. Derhalwe word 'n openheid na die kerke van gereformeerde belydenis steeds, soos in die verlede, deur die Vereniging gehandhaaf.

Uitnodigings aan kerkrade om gesprekke oor Christelike onderwys met die Vereniging gedurende 2007 toe te staan, word gevolglik weer (per afsonderlike skrywe) aan gemeentes gerig met die oog op hierdie jaar se beplanning van werksaamhede. Dit geskied egter slegs op grond van vroeëre sinodale sanksionering, waarvolgens aan VCHO-optredes in gemeentes steun verleen word, en ten opsigte waarvan dank en waardering deur die hoofbestuur telkens weer uitgespreek word.

Red.

Die kerkgebou van die NG Kerk Theunissen waar daar op 10 November 1948 byeengekom is om oor die stigting van die VCHO te besluit

Die kerkgebou van die NG Kerk Brandfort, waar die eerste kongres op 7 Februarie 1950 plaasgevind het.

Gedenkskrif: DFM Strauss

Een van ons erkende en gewaardeerde lede, prof. Danie Strauss, het in 2006 sy sestigjarige verjaardag gevier. Prof Danie het, soos sy vader, wyle prof. H.J. Strauss, oor dekades heen, diep spore in die VCHO getrap. Dit is daarom gepas dat 'n gedenkskrif, deur die Vereniging uitgegee, aan hom opgedra word.

Daar was in die loop van 2006 'n versoek aan akademici gerig om bydraes tot so 'n gedenkskrif te lewer. 'n Totaal van 17 bydraes is ontvang waarvan uit Suid-Afrika, Kanada, die VSA, Nieu Zeeland, Oostenryk en Nederland van voormalige kollegas, oudstudente en navorsingsassosiate van prof. Danie. Die wye verskeidenheid bydraes wat wissel van die etiek, linguïstiek, Griekse filosofiegeskiedenis en wiskunde, verskaf 'n aanduiding van die wydlopende invloed wat prof Danie op die dissiplines uitgeoefen het, en steeds uitoefen.

Uit die bydraes kan veral vier lyne getrek word –

(i) die invloed van filosofiese konsepte en tendense op die ontwikkeling van die betrokkenes;

(ii) die dialoog van prof. Strauss met die Wysbegeerte van die Kosmologiese Idee;

(iii) 'n dialoog oor filosofie kwessies in die besonder en prof. Strauss se bepaalde invloed daarop; en

(iv) prof. Stauss se invloed op die filosofie in die algemeen.

Die bydraes is in 'n gedenkskrif opgeneem, wat as 'n spesiale uitgawe van die *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, onder die redakteurskap van proff. L.O.K. Lategan en J.H. Smit, beide lede van die VCHO, gepubliseer word.



Ingetekende lede sal die gedenkskrif outomaties ontvang, terwyl belangstellendes dit van die Vereniging kan bekom teen R30 plus R5 posgeld.

Ons wens prof Danie graag van harte geluk met die bereiking van hierdie belangrike moment in sy lewe en vertrou dat sy lewenspad vorentoe steeds die heel beste sal inhou.

Red.

Bestelvorm: Gedenkskrif oor prof. DFM Strauss (Spesiale uitgawe 1 van die *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*):



Die bedrag van R35 is inbetaal/ ingesluit (skrap wat nie van toepassing is nie).

My besonderhede is soos volg: Titel en naam:.....

Adres:.....

VCHO-bankbesonderhede:

ABSA Bank, Maitlandstraat-Wes .....

Takkode 334 134

Rekeningnr 470-910-011 .....

. Poskode……..

Faks u bewys van inbetaling na 051- 448 4669, of pos aan VCHO, Posbus 1824, Bloemfontein, 9300.

Gereelde intekenaars op die tydskrif ontvang die spesiale uitgawe outomaties

Belangrike kennisgewing

Vakkundiges benodig

Die Vereniging se komitee vir vakmateriaalontwikkeling gaan in 2007 voort met die projek om vakhandboeke van 'n Christelike inslag te produseer. Gedurende 2006 is beduidende vordering met Afrikaans gemaak, toe die eerste eksemplaar van 'n reeks van drie wat vir graad 9 opgestel is, op die tafel gekom het. Hierdie werk moet in 2007 tot afhandeling gebring word.

Daar is ook tydens afgelope vergaderings van die hoofbestuur besluit dat daar onverwyld opgevolg moet word, wat grade 10, 11 en 12 betref. Met hierdie werk moet so spoedig moontlik 'n aanvang geneem word.

Die ander waaraan daar deurentyds gewerk word is Bybelonderrig vir grade 1 tot 12, waarvan 'n opgegradeerde weergawe in 2007 in Afrikaans en Engels beskikbaar gestel wil word.

Met die oog op veral die werk wat aan die Afrikaanse vakmateriaal gedoen moet word, word vakkundiges benodig wat bereid sal wees om die samestelling van handboeke te onderneem vir die betrokke grade.

Die hoofbestuur het dit ook reeds goedgekeur dat daar formele ooreenkomste met sodanige vakkundiges opgestel, en hulle na behore vir die werk vergoed sal word, op 'n ooreengekome basis.

Derhalwe word hiermee 'n beroep op vakkundiges vir onderrig in Afrikaans gedoen om met die Vereniging te skakel. Dit is 'n voorvereiste dat die gelewerde materiaal van 'n Christelik-kultuurgerigte inslag sal wees. Dit sal waardeer word indien daar nie later nie as 15 Februarie 2007 'n aanduiding in dié verband ontvang kan word.

Daar sal dan terstond met belangstellendes gesprek gevoer word oor die besonderhede van 'n aanstelling.

Red.

Ek (titel en naam):.....stel belang om met die samestelling van vakhandboeke vir Afrikaanse onderrig vir graad..... behulpsaam te wees.

Adres: ..... Tel.nr. .....

..... Sel.nr. ……..

.....

.....

Gebed van leerlinge

Here, U is die bron van alle wysheid en kennis. Dit behaag U om my in my jeug onderrig te gee wat vir my nuttig sal wees om heilig en opreg te lewe en daarom bid ek U dat U my verstand sal verlig om die onderwys wat ek ontvang, te verstaan.

Sterk my geheue dat ek goed kan onthou wat ek geleer het.

Rig my hart so dat ek daarna verlang om groot vorderings te maak en ek nie die geleentheid om te leer wat U my vandag bied, verby laat gaan nie.

Daarom, o my God, gee my u Gees.

Hy is die Gees van verstand, van waarheid, van onderskeiding en van wysheid.

U Gees sal my bekwaam maak om vooruit te kom.

Hy sal ook bewerk dat die moeite wat mense doen om my bekwaam te maak, nie tevergeefs is nie.

Hy sal ook bewerk, Here, dat ek elke studie waaraan ek my wy, bring tot die ware doel, naamlik om U en u Seun Jesus Christus te ken.

So sal ek ook van u genade verseker wees en in staat om U trou te dien.

Verder het U belowe dat U deur u wysheid en kennis die kleines en die nederiges met 'n opregte hart sal verlig. Daarenteen verwerp U dié wat trots is om in die ydelheid van hulle redeneringe verlore te gaan. Laat daarom u Gees my onderdanig en gehoorsaam maak, allereers aan U maar ook aan hulle wat U aangestel het om my onderrig te gee.

Wil ook my hart bereid maak om U ywerig te soek, met verloëning van my slegte begeertes.

Skenk ook, o God, dat dit my enigste doel sal wees om my van nou af aan toe te rus om U te dien in die roeping waarin dit U sal behaag om my te roep. Amen.

(Volgens die Reformasie, het Calvyn hierdie gebed by sy Kategismus laat afdruk. Erkenning: Calvyn Jubileum Boekefonds, *Ons glo en bely,* 1980.)

Spesiale uitgawe oor aborsie

In ons Junie 2006-uitgawe is die verskyning van 'n spesiale uitgawe van die Vereniging se *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* onder aandag gebring. Hierdie uitgawe bevat tien van die voordragte wat tydens 'n colloqium oor "die kerke, aborsie en die reg" gelewer, en daarna na artikels verwerk is, vir opname in gemelde tydskrif. Die publikasie daarvan geskied met dank en erkenning teenoor die Vrystaatse Universiteit, wat die geleentheid gereël het.

Die spesiale uitgawe is tans in druk en sal in Februarie 2007 verskyn. Gereelde intekenaars op die gemelde tydskrif sal die uitgawe outomaties ontvang, terwyl belangstellendes hierdie spesifieke uitgawe teen slegs R20 per eksemplaar plus R5 posgeld sal kan bekom. Al wat u hoef te doen is om die kantoor te skakel en die uitgawe te bestel, of die onderstaande bestelvorm in te vul en aan te stuur.

Die inhoudsopgawe sien soos volg daar uit:

Jeffery J. Ventrella, Esq.	Unfinished Business: Ending Developmental Apartheid – Lessons and Strategies for Church and State
Prof. J.M. Vorster	The Right to Life and Abortion – a Christian-ethical Perspective
Prof. D.E. de Villiers	The Official Stance of the Dutch Reformed Church on Abortion: A Christian-ethical Perspective
Rev. Dr R. Neville Richardson	Dodging the Dogmatisms: Methodist Reflections on Abortion
Prof. L.O.K. Lategan	A Reformed-ethical Perspective on Abortion
Cardinal W. Napier, OFM	Spreading the Gospel of Life
Prof. A.W.G. Raath &	Benevolence and Tiny Human Life: A Pauline Platform for
N.P. Swartz	Ecumenical and Cultural Engagement on Abortion Ethics
Shaun A. de Freitas	Transcending 'Life' in the Biblical Protection of the Unborn: Perspectives towards a Jurisprudential Anti-abortion Apologetic
Jeanine McGill	Abortion in South Africa: How we got Here, the Consequences, and What is Needed
John Smyth, QC	Moving Towards Improvement in SA Abortion Legislation

Red.

.....

Bestelvorm: Spesiale uitgawe 2 van die *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* oor die kerke, aborsie en die reg

Die bedrag van R25 is inbetaal/ ingesluit (skrap wat nie van toepassing is nie).

My besonderhede is soos volg: Naam en titel: .....

Adres:.....

.....

VCHO-bankbesonderhede:

.....

ABSA Bank, Maitlandstraat-Wes
Takkode 334 134
Tjekrekeningnr 470-910-011

Poskode.....

Faks u bewys van inbetaling na 051- 448 4669, of pos aan VCHO, Posbus 1824, Bloemfontein, 9300.

.....

DIE JONGSPAN

Dagsê Maats,

Met die nuwe jaar teen hierdie tyd al goed aan die gang is julle seker ook al met baie dinge besig. Nou lê daar vir ons almal 'n jaar met nuwe geleenthede en uitdagings voor.

Ons wil hier uit die VCHO-kantoor aan julle en julle ouers 'n baie gelukkige 2007 toewens en die vertroue uitspreek dat wat julle aanpak in belang van 'n gesonde gesinslewe en skooljaar geseënd sal verloop.

Maats, dat ons in 'n ouerhuis kan wees, lidmaat van 'n kerk wat die enige en ware God bely, en kan skoolgaan, is besondere voorregte. Daardeur word ons geleer wat reg is en vir die lewe voorberei, sodat ons elkeen sy en haar plek kan volstaan in die grootmenslewe. Hiervoor moet ons die Here altyd dankbaar wees.

Ons ouers en onderwysers koester hoë verwagtinge vir ons lewens. Dit is een rede waarom ons hierdie jaar ons beste sal wil gee. Maar dit is nie die enigste rede nie. Daar is ook nog 'n ander, meer belangrike rede, en dit is dat ons hierdie jaar opnuut die geleentheid het om deur wat ons sal ontvang en wat ons weer teruggee, ons besig sal wees om al meer voor te berei, sodat ons lewens 'n bepaalde boodskap na die wêreld sal oordra. Daarmee bedoel ek dat die Here met ons lewens 'n plan en doel het, sodat ons daarvolgens kan lewe. Wat in ons ouerhuis en in die kerk en by die skool gedoen word om ons hieroor te onderrig, dra alles daartoe by dat ons aan hierdie plan en doel met ons lewe sal beantwoord, deur die manier waarop ons daaraan gehoor gee.

Deur so te leef sal ons hierdie jaar besig wees om die Here te verheerlik. Ons doen dit nie net Sondag wanneer ons in die erediens is nie, maar ook in die week by die huis en in die skool deur die manier waarop ons skoolgaan, wat ons daar doen, hoe ons optree en wat ons maak met wat ons gaan leer.

Ons kan van hierdie skooljaar die beste maak en dit beteken nie dat ons bloot net goed presteer in ons skoolwerk nie – dit ook ja. Maar daar is nog ander belangrike dinge waaroor ons wil praat.

Hierdie jaar gaan aan ons geleenthede gebied word om die regte dinge te doen en die verkeerde te vermy. Die skool is mos daar, sodat ons geoefen kan word om die regte dinge te doen en om dinge reg te doen. Nou leer die Bybel ons o.a. in Efesiërs dat ons verstandig moet wees. In hoofstuk 5: 16 &17 staan daar byvoorbeeld:

"Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd.

Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen." (1983-Bybelvertaling)

Ons ouers en onderwysers gaan daardie geleenthede vir ons gee. Kom ons neem hier aan die begin van die jaar 'n besluit om hulle hierin nie teleur te stel nie, deur elke geleentheid aan te gryp om die beste daarvan te maak. Natuurlik gaan ons nie alles elke keer reg doen nie, maar ons is besig om ons daarin te oefen, en ons voorneme om dit reg te wil doen is belangrik. Maar dan moet dit nie slegs by goeie voornemens bly nie.

Hierdie regte gesindheid kan alleen in ons leef as ons ons lewens aan die Here oorgegee het en sy Woord gereeld nagaan, sodat ons sy wil vir ons lewe kan leer ken, en dit doen. Daarmee sal ons ouers ons baie kan help, deur o.a. die huisgodsdiens en kerkgang.

Sterkte met al julle goeie voornemens vir 2007.

Die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys

Posbus 1824, BLOEMFONTEIN 9300

Lidmaatskap

Ek/ons onderskryf die doel, grondslag en missie van die VCHO en sluit hiermee as lid aan.

Ek/ons onderneem om 'n vrywillige donasie van R…….....te maak per maand ☐

kwartaal ☐ halfjaar ☐ jaar ☐ (merk toepaslike blokkie).

Eerste betaling …… ……..(Meld die maand)

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. (Drukletters asb):

Voorletters en van…….....……

Posadres…….....……

…….....……..

……..Kode……

Telnr.(h)…….....… Kerkverband…….....….

Gemeente…….....…… Pensioentrekker…….....

Beroep…….....

Telnr. (w)……...

.....

Handtekening

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
EN
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C Bester
KERNREDAKSIE: Prof AWG Raath, Prof DFM Strauss.

Die Hoof Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21
Universitas
Bloemfontein 9300

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad:
http://www.vcho.co.za

HOOFBESTUUR

Prof AWG Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Mnr. S le Cornu (Potchefstroom), Prof PH Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Ds G van Heerden (De Deur), Prof R Marè (Pretoria), Prof IH Horn (Pretoria), Ds G Opperman (Brits), Dr HG Stoker (Pretoria), Prof EJ van Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H Hefer (Brakpan), Ds FJ van der Merwe (Koster), Prof JAE Adendorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr HJ Hayes

Gedruk deur Handisa Drukkers • Tel: (051) 403 8500